



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 27 MAART 2022

VIERDE SONDAG IN LYDENSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Vakansie

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Johannes 12:1-8; Jesaja 43:16-21

Psalm 126; Filippense 3:4b-14

SONDAG, 27 MAART

DANKBAARHEIDSONDAG

- 09:00 Oggenddiens in Kerk – Ds Hannes Burger
Erediensspan 1 – Chris van Nierkerk
09:00 Buitelugdiens op Avalon – Ds Chris Barnardo
Doop
Geen Kleuterkerk
Geen Kinderkerk

Geen Aanddiens
Geen Senior kategeese

MAANDAG, 28 MAART

DINSDAG, 29 MAART

WOENSDAG, 30 MAART

DONDERDAG, 31 MAART

Sopbeurte: Mary Abrahams, Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie,
Christa Smit, Louis/Ester van Eeden

VRYDAG, 1 APRIL

SATERDAG, 2 APRIL

SONDAG, 3 APRIL

VYFDE SONDAG IN LYDENSTYD
DAG VAN DANKSEGGING EN VERROOTMOEDIGING

09:00 Oggenddiens in Kerk
DOOP
Erediensspan 2 – Lorraine Louw

Geen Kinderkerk en Kleuterkerk

Geen Aanddiens

Geen Senior kategese

EREDIENSTE

In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450 en word slegs elke 2de bank gebruik.

Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word.

Dra van maskers binnenshuis en sanitering is ook steeds van krag.

GEMEENTENUUS

1. Ons wens die volgende persoon baie geluk met hul verjaarsdae die komende week.
Christine Maas (Othello) vier haar 93ste.
Hetta Hitchinson (Othello) vier haar 80ste.
Petrus Burger (Bontebokstraat) vier sy 80ste.
2. Lodewiek en Yolanda Barnardo (Haasendal Estate) het 'n baba seuntjie ryker geword. Ds Chris en Carina Barnardo en Estelle Brits is die grootouers. Chris en Elsie Els (Brackenfell) en Anita du Preez (Huis De Kuilen) is die agter grootouers.
3. Cassie en Erna Carstens (Gousblomstraat) het 'n kleinkind ryker geword.
4. Lenie Nell (Othello) was in die hospitaal en sterk tuis aan.
5. Johan Kotzé (Angelierstraat) begin in die komende week met sy behandeling.
6. Hennie Barnard (Othello) is tans in die hospitaal.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur koffie by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. René Ferreira (Orrelis) het naweek af, aflos is Lizette Wilson.
3. Ons benodig tans glaspotjies (heuningpotjie grootte) vir die inlê van konfyt en vrugte vir die basaar. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.
4. **Onthou!!** Vanaf Sondag 10 April 2022 begin die oggenddiens om 9:30.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

27/03 Alex Nell, Rossouw Swart, Adriaan Groenewald, Lidene Truter, Angie de Koker
28/03 Hetta Hitchinson, Martie Nel, Lian Orffer, Johan Allers, Bernard Thiart,
Madelein van Huyssteen, Hunter Kennedy, Christine Maas, Petrus Burger,
Paul Fourie
29/03 Daphné Jordaan, Francis Hakkenbroek, Alida Eitner, Marné Kotzé
30/03 John Haynes, Stanley Hill, Riana van Niekerk, Willem Oosthuizen,
Noah Williamson, Mariette Roodt, Daniëlda Verster, Alecxia Steyn
31/03 Stadler Conradie, Marieta Loubser
01/04 Esmarié Vermaak, Hein Jonas
02/04 Johan Bestbier, Johan Bester, Lenn Fourie, Kallie Kaltwasser, Elmari Papenfus,
Sarita van Rooyen



DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Ons voorrade lyk tans goed. Deels te danke aan kontant bydraes wat ons ontvang het en ons kon nou spesifiek voorrade koop soos wat nodig was.


Ons voorrade vir die volgende is weer baie laag:

Melk Blikkies: Beef, Vis, Groente

Suiker

Pap Toiletware: Tandepasta, Deodorant, Badseep, Sjampoe

Koffie Wasgoedpoeier, Skottelgoedseep, Sanitêre doekies



Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet

ORRELUITVOERING

Stasies van die Kruis

Orrelis: Winand Grundling

10 April 2022

16:00

NG Kerk Kuilsrivier (Moedergemeente)

R100 per persoon

Kaartjies by NG Kerk Kuilsrivier se kerkkantoor beskikbaar.

Weeksdae: 09:00—13:00

Navrae: Arthur Appleby 083 311 4384

BASAAR – 28 MEI 2022

1. Kennisgewing aan Lidmate

Basaarlyste is na Blokleiers versprei. Lidmate kry geleentheid om op die basaarlys aan te dui hoe hulle 'n bydrae vir die basaar wil gee. Jy sal dus op die basaarlys kan aandui of jy produkte wil gee, by 'n spesifieke tafel wil help en of jy verkies om 'n finansiële bydrae te maak. Dink solank hieroor sodat jy teen die tyd wat die dienswerker by jou kom, jou keuse kan aandui. Die dienswerker gaan nie vorms by huise afgee en later weer optel nie. Dieselfde vorm sal van huis tot huis geneem word soos ons dit vroeër jare gedoen het.

2. Ons het 'n konvenor vir die Dit en Dat tafel gekry. Baie dankie Hentie Wickens dat jy bereid is om hierdie tafel vir ons te neem. Lidmate is welkom om bruikbare huishoudelike items na die kerkkantoor te bring vir die Dit en Dat tafel.
3. Ons het 'n konvenor vir die Kuintert gekry. Baie dankie aan die Riëtte Morkel en die Maandagaand Vrouebybelstudiegroep.
4. Die konvenors van die volgende tafels benodig hulp. Indien jy wil inskakel, moet jy asseblief jou naam by die kerkkantoor opgee: Materiaal, Melkkos, Pannekoek, Poeding en Klein koekies/Skuinskoek.
5. Die Plante- en Vleis tafels sal enige skenkings verwelkom.

Johan Morkel (Basaarkonvenor)

NUUS VANUIT DIE KERKRAADS- VERGADERING VAN 16 MAART 2022

1. Neels Kruger is verkies as erediensspanleier.
2. 'n Groep lidmate het versoek om betrokke te raak by die verfraaiing van die Muur van Herinnering se tuin. Die kerkraad het dié versoek goedgekeur. Indien daar lidmate is wie se geliefdes se as in die Muur geplaas is, wat 'n finansiële bydrae tot dié projek wil maak, sal dit baie welkom wees. Ander lidmate is ook welkom om by te dra. Kontak die kerkkantoor vir meer besonderhede en bankbesonderhede.
3. Die kerkraad het besluit dat ons vanaf Sondag 10 April (na die skoolvakansie) weer gedrukte aankondigings beskikbaar sal stel by die deure. Ten einde koste te bespaar, gaan ons heelwat minder druk as in die verlede. Ons versoek vriendelik dat lidmate wat die aankondigings op 'n Vrydag reeds per WhatsApp of e-pos ontvang, nie van dié gedrukte aankondigings sal neem nie sodat dit beskikbaar sal wees vir die lidmate wat nie oor die elektroniese fasiliteite beskik nie. Indien jy tans nie die aankondigings per e-pos of WhatsApp ontvang nie, en sou verkies om dit so te ontvang, kontak gerus die kerkkantoor sodat dit gereël kan word.

HUWELIKSVERRYKING 2022

DATE NIGHT

IN DE EIKE

4 SESSIES OM JUL VERHOUDING
OP TE KIKKER

DATUMS:

4, 11, 18, 25 Mei 2022

10 Paartjies per program

Kontak vir ds. Chris

082 822 6619



AKSIE SAMARITAAN PAASFEES PROJIEK 2022

Liewe vriende, Paasfees is vir ons as gelowiges een van die belangrikste gebeurtenisse. As deel van ons bediening poog Aksie Samaritaan ook om hierdie tyd van die jaar ekstra spesiaal te maak vir ons kliënte sodat dit ook vir hulle 'n Geestelike ervaring sal wees wat hulle nader aan Jesus bring. Die koste van die naweek beloop R150 per persoon. Om dit moontlik te maak benodig ons dus skenkings van bestanddele of kontant. Ons maak reg vir 80 mense. Ek plaas die lys van benodighede asook die program en ons bankrekening hieronder. U ruimhartige bydraes word baie waardeer. Mag God u ryklik seën!

Program: Goeie Vrydag: Nagmaal tesame met ete van piekelvis en "hot cross buns" met melkie en kruisigings geskenkie.

Opstandings Sondag: Feesdiens met ete van Cottage pie met gegeurde rys, pampoentert en cupcakes vir nagereg tesame met koeldrank en fees geskenkie

Benodighede: 30 pakke "Hot cross buns", 80 slabs sjokolade, 80 steri-stumpie melkies, 8kg maalvleis, 8 bokse marshmallow paaseiers, 80 x 500ml koeldrankies, 6 dosyn eiers en kontant

Bankbesonderhede: Aksie Samaritaan: ABSA tjekrek no: 4089388257

Gebruik asb die verwysing "Paasfees"

PREEKSKETS

TEMA - "TOEVALLIGE" GEBEURTENISSE IN GELOWIGES SE LEWE.

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Josua 5



Hoe voel jy as jy graag dringend iets wil doen, en goed val healtyd voor?

- Dis vir ons baie frustrerend!
- Maar dit gee my simpatie vir die Jode van Josua 5.
- Hulle staan op die drumpel van die vervulling van die belofte!
- Hulle weet dit gaan hoë eise stel. Nou moet hulle net 'n begin maak!
- Maar nou gebeur daar eers drie losstaande goed wat hulle spoed breek...

1. 'n Massa-Besnydenis by Gilgal.

- Eers dring God daarop aan dat almal besny moet word soos die wet beveel.
- Die volk kon nie die nuwe land inneem voordat hulle nie hulle aan die verbond verbind het nie.
- Dit was 'n pynlike, bloedige saak wat hoë eise aan hulle stel.
- Maar dit bevat ook 'n lewensveranderende boodskap.
- Dit laat die era van slawerny finaal agter.
- Daar kan geen verbondsluiting sonder bloed wees nie...

2. Die Pasga

- En toe hulle net reg is om te laat waai, moet hulle eers die Pasga vier.
- In die eerste plek vier dit natuurlik die verlossing uit Egipte.
- Maar dis ook die afsluiting van 'n era en begin van 'n nuwe.
- Hulle eet nou die brood van die nuwe land...

3. Die man met die swaard.

- Maar daar het nog een laaste konfrontasie gewag... die man met die swaard.
- Josua-hulle moes leer dat ons op heilige grond lewe.

4. En ons?

- God kom daagliks na jou toe, op baie verskillende maniere.
- Soms kan dit selfs jou spoed breek en jou frustreer
- Maar as jy fyn daarop ingestel is, kan dit jou bemoedig en versterk.